# KUBER AFDELING

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Koste, verlies of Derdeparty-eise aangegaan deur, of ingestel teen die Versekerde se werksaamhede wat binne die Gebiedsperke gedomisilieer is en wat regstreeks voortspruit uit ‘n Kubervoorval, Kubermisdaad, Kuberafpersing, of ‘n Dataskending **wat plaasgevind het op of na die Terugwerkende datum** soos in die bylae aangedui word**, maar beperk tot die dekking verskaf ingevolge Omskrewe Gebeurtenisse 1 tot 4 hieronder.**

### 1. Reaksie op en herstel van dataskending

Die Maatskappy sal:

1.1 namens die Versekerde, enige redelike en nodige koste betaal voortspruitend uit ‘n werklike of vermeende dataskending:

1.1.1 vir ‘n Deskundige om die dataskending te ondersoek en daaroor aan die Versekerde verslag te doen;

1.1.2 om aan enige databeskermingswette te voldoen (soos om enige Toesighoudende Owerheid of Datasubjekte in kennis te stel);

1.1.3 om, **onderhewig aan die skriftelike vooraf toestemming van die Maatskappy**, krediet en dienste vir die monitering van identiteitsdiefstal aan te koop ten behoewe van Datasubjekte wat deur ‘n Dataskending geraak is;

1.1.4 vir ‘n Deskundige om die reputasie van die Versekerde te bestuur en te beskerm **tot en met ‘n maksimum van 60 dae** na die Dataskending; en

1.1.5 vir Regsverdedigingskoste aangegaan om te reageer op of optrede wat deur enige Toesighoudende Owerheid geneem word, te verdedig.

1.2 die Versekerde vergoed vir enige regtens versekerbare administratiewe boetes en strawwe opgelê deur enige Toesighoudende Owerheid as ‘n regstreekse gevolg van die Dataskending.

1.3 namens die Versekerde betaal vir enige redelike en nodige koste om die Versekerde se Data en Programmatuur na ‘n Dataskending te herstel tot die naaste moontlike toestand waain dit onmiddellik voor die Dataskending was.

### 2. Sake-onderbreking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal betaal vir die Versekerde se Afname in Bruto Wins **gedurende die Onderbrekingstydperk** wat regstreeks deur ‘n Kubervoorval veroorsaak is.

### 3. Kuberafpersing en kubermisdaad (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde vergoed vir:

3.1 enige losprys wat die Versekerde betaal het (**met dien verstande dat sodanige Losprys regtens toelaatbaar is en die Versekerde die vooraf skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry het om sodanige Lospryssbetaling te maak**) en enige redelike en nodige koste om Kuberafpering te beëindig. Op versoek van die Maatskappy moet die Versekerde enige tersaaklike wetstoepassingsagentskappe van die Kuberafpersing in kennis stel;

3.2 enige verlies van geld as ‘n regstreekse gevolg van Kubermisdaad.

### 4. Derdeparty aanspreeklikheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

## 4.1 Aanspreeklikheid ten opsigte van vertroulikheid en privaatheid

Die Maatskappy sal enige bedrae aan die Versekerde terugbetaal waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik is om te betaal wat voortspruit uit:

4.1.1 ‘n Derdeparty-eis of ‘n eis teen die Versekerde deur ‘n Werknemer vir ‘n Dataskending wat verband hou met Vertroulike Inligting of Persoonlike Data van ‘n Derde Party, of

4.1.2 onderhewig aan die bepalings van Spesifieke Uitsluiting 11, ‘n oortreding van enige databeskermingswette, met inbegrip van enige Regsverdedigingskoste wat verband hou met die bogenoemde en aangegaan is **met die Maatskappy se vooraf skriftelike toestemming**.

## 4.2 Aanspreeklikheid vir netwerksekuriteit

Die Maatskappy sal enige bedrae terugbetaal:

4.2.1 waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal wat voortspruit uit ‘n Derdeparty-eis wat teen die Versekerde ingestel word vir ‘n Dataskending, Diefstal van Data of ‘n DoS-aanval op ‘n Derde Party se Rekenaarstelsels, wat regstreeks veroorsaak is deur ‘n Kwaadwillige Daad of Indringerware op die Versekerde se Rekenaarstelsels wat die Versekerde versuim het om te voorkom;

4.2.2 enige Regsverdigingskoste wat verband hou met die bogenoemde en wat aangegaan is **met die Maatskappy se vooraf skriftelike toestemming**.

## 4.3 Media aanspreeklikheid

Die Maatskappy sal enige bedrae terugbetaal waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik is om te betaal wat voortspruit uit die Versekerde se Aanlyn Mediabedrywighede wat onregstreeks ‘n Derdeparty-eis veroorsaak vir:

4.3.1 laster;

4.3.2 skending van kopiereg, titel, slagspreuk, handelsnaam, diensmerk, diensnaam of domeinnaam; of

4.3.3 skending van of inmenging met regte op privaatheid

met inbegrip van Regsverdedigingskoste wat verband hou met die bogenoemde en wat aangegaan is **met die Maatskappy se vooraf skriftelike toestemming**.

# OMSKRYWINGS

Elke woord of term wat hieronder omskryf word en wat elders in hierdie afdeling se bewoording voorkom, sal in hoofletters begin vir maklike identifikasie as ‘n omskrewe woord of term.

**Rekenaarnetwerk**: beteken een of meer Rekenaarstelsels wat verbind is of andersins Data kan oordra.

**Rekenaarstelsels:** beteken die inligtingstegnologie- en kommunikasiestelsels (soos Hardeware, Infrastruktuur, Programmatuur, of Elektroniese Media) wat gebruik word vir die skep, om toegang te verkry tot, verwerking, beskerming, monitering, bewaring, terugverkryging, vertoon of oordrag van Data.

**Vertroulike Inligting**: beteken enige vorm van kommersieel sensitiewe besigheids- en/of handelsgeheime wat nie vir die publiek toeganklik is nie, ongeag of dit as “vertroulik” gemerk is, of nie.

**Voortgesette Vaste Koste:** beteken enige vaste koste wat **gedurende die Skadeloosstellingstydperk** steeds ten volle deur die Versekerde betaalbaar is.

**Kubermisdaad:** beteken Diefstal van geld van die Versekerde as ‘n regstreekse gevolg van ‘n Derde Party se ongemagtigde elektroniese oordrag uit die Versekerde se bankrekening or Dataveranderinge op die Versekerde se Rekenaarstelsels waar die Versekerde nie sodanige bedrae kan verhaal nie.

**Kuberafpersing:** beteken enige geloofwaardige dreigement deur ‘n Derde Party om ‘n Versekerde Gebeurtenis te veroorsaak tensy ‘n Losprys betaal word of enige eis vir ‘n Losprys deur ‘n Derde Party om ‘n Kubervoorval wat deur die Derde Party veroorsaak is, te beëindig.

**Kubervoorval:** beteken ‘n Kwaadwillige Daad, Indringerware, Menslike Fout, DoS-aanval, Datadiefstal, wat ‘n impak op die Versekerde se Rekenaarstelsels of die Rekenaarstelsels van ‘n Diensverskaffer het, of ‘n redelike vermoede daarvan.

**Data:** beteken enige digitale inligting, ongeag die manier waarop dit gebruik of vertoon word (soos teks, syfers, beelde, video’s of programmatuur) wat buite die ewetoeganklike geheue gestoor word.

**Dataskending:** beteken ‘n skending van sekuriteit wat lei tot die toevallige of onwettige vernietiging, verlies, wysiging, ongemagtigde openbaarmaking van, of toegang tot, Persoonlike Data of Vertroulike Inligting wat oorgedra, gestoor of andersins op die Versekerde se Rekenaarstelsels of die Rekenaarstelsels van die Diensverskaffer verwerk word.

**Datasubjek**: beteken enige geïdentifiseerde of identifiseerbare natuurlike persoon wat die onderwerp van Persoonlike Data is.

**Direkteure en Beamptes:** beteken enige van die Versekerde se voormalige, huidige of toekomstige direkteure, beamptes of senior bestuur.

**DoS-aanval:** beteken enige Kwaadwillige Aanval wat lei tot totale of gedeeltelike ontneming, ontwrigting of onbeskikbaarheid van die Versekerde se Rekenaarstelsels of die Versekerde se Rekenaarnetwerk deur ‘n oorlading van navrae, met inbegrip van verspreide diensontseggingsaanvalle.

**Elektroniese Media:** beteken enige inligtingstegnologie-toestelle (soos eksterne skywe, CD-ROM’s, DVD-ROM’s, magneetbande of -skywe, geheuestokkies) wat gebruik word om Data op te neem en te stoor.

**Werknemer:** beteken enige persoon wat aan die Versekerde dienste lewer of arbeid verskaf ingevolge ‘n uitdruklike of stilswyende dienskontrak. Dit sluit eksterne personeel in wat deur die Versekerde gehuur word om dienste te verskaf en wat binne die Versekerde se operasionele struktuur en onder die Versekerde se funksionele gesag werk. **Dit sluit direkteure en beamptes uit.**

**Deskundige:** beteken enige persoon of regsentiteit wat deur of in oorleg met die Maatskappy aangestel is en/of die Voorvalreaksieverskaffer (soos ‘n forensiese rekenmeester, prokureur of skakelkonsultant).

**Hardeware:** beteken die fisiese komponente van enige Rekenaarstelsel wat gebruik word om Data, met inbegrip van Elektroniese Media, te stoor, oor te dra, te verwerk, te lees, te wysig of te beheer.

**Menslike Fout:** beteken enige nalatige of onopsetlike inligtingstegnologie-bedryfsfout (soos die keuse van Programmatuur wat gebruik moet word, ‘n opstelfout, of enige onvanpaste eenmalige daad) deur ‘n Werknemer.

**Voorvalreaksieverskaffer:** beteken AVeS Cyber Security (Pty) Ltd (Reg. No. 2001/028605/07) met telefoniese kontakbesonderhede van **0861 000 373**.

**Skadeloosstellingstydperk:** beteken die tydperk wat begin nadat die Versekerde se Rekenaarstelsels begin het om gedeeltelik of in geheel onbeskikbaar te wees, en **eindig nie later nie as negentig (90) dae later**.

**Infrastruktuur:** beteken enige kommunikasietoerusting, lugversorgers, kragtoevoerinstallasies, losstaande kragopwekkers, frekwensie-omskakelaareenhede, transformators en enige ander fasiliteite wat gebruik word vir die instandhouding van elektroniese fasiliteite wat Rekenaarstelsels en Data ondersteun.

**Internet:** beteken die wêreldwye openbare datanetwerk wat die oordrag van Data moontlik maak.

**Internetdiens:** beteken dienste wat die gebruik van die internet moontlik maak, soos

1. Internetdiensverskaffers verantwoordelik vir die verskaffing van Dienste, Hardeware en tegniese toerusting vir toegang tot en die gebruik/werking van die Internet;

2. domeinnaamstelsel-diensverskaffers;

3. ander Internet- en eksterne netwerkdiensverskaffers verantwoordelik vir Internetuitruilings, Vlak 1-netwerkverskaffers; en

4. kabelnetwerk-, satelliet- en radiokommunikasie-netwerkoperateurs.

**Versekerde:** sal bykomend tot die Versekerde soos in die bylae vermeld, die Versekerde se Direkteure en Beamptes insluit.

**Versekerde se Rekenaarstelsels:** beteken Rekenaarstelsels onder die Versekerde se beheer wat deur die Versekerde besit, verhuur, lisensieer of gehuur word.

**Onderbroke Tydperk:** beteken die tydperk wat **na die Wagtydperk** begin en waartydens die Versekerde se Rekenaarstelsels of die Rekenaarstelsels van 'n Diensverskaffer steeds gedeeltelik of heeltemal onbeskikbaar is en wat **eindig op die vroegste van**:

1. **sewe (7) dae nadat die Versekerde se Rekenaarstelsels weer ten volle beskikbaar is; of**
2. **die einde van die Skadeloosstellingstydperk.**

**Regsverdedigingskoste:** beteken enige koste, uitgawes en/of fooie vir Deskundiges. ondersoeke, hofverskynings, arbitrasies of ander geskilbeslegtingsprosesse, opnames en/of prosedures wat nodig is vir die Versekerde se siviele, kommersiële, administratiewe en/of kriminele verdediging. **Dit sluit nie die Versekerde se algemene uitgawes (soos salarisse en oorhaafse koste) in nie**.

**Kwaadwillige Daad:** beteken enige ongemagtigde of onwettige daad wat gepleeg word met die doel om skade te veroorsaak aan of om toegang te verkry tot, of Data te openbaar vanuit Rekenaarstelsels of Rekenaarnetwerke deur die gebruik van enige Rekenaarstelsel of Rekenaarnetwerk.

**Indringerware:** beteken enige ongemagtigde of onwettige Programmatuur of kode (soos viruses, spioenware, rekenaarwurms, Trojaanse perde, gyselware, skeutelregistreerders, skakeltoestelle en roofsekuriteitsprogrammatuur) wat ontwerp is om skade aan te rig of toegang tot Rekenaarstelsels of Rekenaarnetwerke te verkry of dit te ontwrig.

**Noord-Amerika:** beteken die Verenigde State van Amerika (synde die 50 State van die Unie plus die Distrik van Columbia), Kanada en enige gebied wat onderworpe is aan die wette of die jurisdiksie van die howe van die voormelde gebiede.

**Aanlyn Mediabedrywighede:** beteken enige teks, beelde, video's of klank wat via die Versekerde se webwerf, sosialemedia-teenwoordigheid of e-pos versprei word.

**Persoonlike Data:** beteken enige inligting wat betrekking het op 'n Datasubjek, wat regstreeks of onregstreeks geïdentifiseer kan word in verband met ander inligting (soos 'n naam, identiteitsnommer, ligging, aanlyn identifiseerder of een of meer faktore eie aan die fisieke, fisiologiese, genetiese, verstandelike, ekonomiese, kulturele of maatskaplike identiteit van daardie natuurlike persoon) soos omskryf deur enige toepaslike wette aangaande databeskerming.

**Losprys:** beteken enige geld, bitcoins of ander digitale geldeenheid.

**Vermindering van Bruto Wins:** beteken 'n Deskundige se redelike en opgetekende beraming van die netto wins of verlies voor belasting wat die Versekerde sou verdien het, in ag genome vorige handelspatrone en marktoestande, plus enige voortgesette Vaste Koste minus enige netto wins wat die Versekerde werklik verdien het (aangepas vir enige redelike hoër bedryfskoste of kostebesparings bewerkstellig) **tydens die Skadeloosstellingstydperk**.

**Diensverskaffer:** beteken enige Derde Party, uitgesonderd verskaffers van elektrisiteit, satelliet, kabel, gas, water of ander nutsdiensverskaffers, telekommunikasie- en Internetdienste, wat dienste verskaf ingevolge 'n skriftelike kontrak met die Versekerde.

**Dienste:** beteken enige dienste vir die verwerking, instandhouding, beskerming of stoor van die Versekerde se Hardeware, Infrastruktuur, elektroniese Data of Rekenaarprogrammatuur.

**Progammatuur:** beteken enige digitale standaard-, pasgemaakte of individuele ontwikkelde program, of 'n toepassing wat deur 'n Rekenaarstelsel gehou of beheer word en wat bestaan uit 'n stel instruksies wat, wanneer dit ingesluit word by 'n medium wat deur 'n masjien gelees kan word, kan veroorsaak dat 'n masjien wat inligting kan verwerk 'n bepaalde funksie, taak of resultaat kan aandui, uitvoer of behaal.

**Toesighoudende Owerheid:** beteken enige toesighoudende owerheid, onafhanklike openbare gesag, reguleerder, regeringsorganisasie of statutêre liggaam wat gemagtig is om statutêre verpligtinge af te dwing met betrekking tot die beheer of verwerking van Persoonlike Data ingevolge die Versekerde se toepaslike wette aangaande die beskerming van Data.

**Terrorisme:** beteken enige dade wat vir politieke, godsdienstige, ideologiese of soortgelyke doeleindes gepleeg word, met inbegrip van die doel om enige regering te beïnvloed en/of die publiek of enige deel van die publiek bevrees te maak.

**Diefstal:** beteken enige Kwaadwillige Daad wat die onwettige kopiëring of verkryging van byvoorbeeld Vertroulike Inligting, Data of Persoonlike Data vanaf Rekenaarstelsels behels.

**Derde Party:** beteken enige ander persoon of regsentiteit buiten die Versekerde of Werknemers van die Versekerde.

**Derdeparty-eis:** beteken enige eis of bewering vir skade deur 'n Derde Party teen die Versekerde of afdwinging van 'n reg in 'n administratiewe, arbitrasie-, siviele, kommersiële of kriminele hof.

**Wagtydperk:** beteken die tydperk soos in die bylae gemeld, wat begin met 'n Kubervoorval wat regstreeks veroorsaak dat die Versekerde se Rekenaarstelsels gedeeltelik of heeltemal onbeskikbaar is.

# SKADELOOSSTELLINGSPERKE

**Die totale bedrag betaalbaar (met inbegrip van enige koste, uitgawes, Regsverdedigingskoste sowel as enige betaling gemaak deur die Maatskappy aan die Voorvalreaksieverskaffer), vir**

1. **enige eis of aantal eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, sal hoogstens die Skadeloosstellingsperk beloop soos in die bylae teenoor "Skadeloosstellingsperk (per gebeurtenis)" vermeld;**
2. **alle eise gedurende enige enkele (jaarlikse) Versekeringstydperk sal hoogstens die Skadeloosstellingsperk beloop soos in die bylae teenoor "Skadeloosstellingsperk (per versekeringstydperk)" vermeld.**

In die geval van enige enkele oorsaak wat aanleiding gee tot 'n eis of reeks eise wat die onderwerp vorm van skadeloosstelling deur meer as een Omskrewe Gebeurtenis ingevolge hierdie Afdeling, sal elke Omskrewe Gebeurtenis afsonderlik van toepassing wees en onderhewig wees aan sy eie afsonderlike Skadeloosstellingsperk, **altyd met dien verstande dat die totale opgeloopte bedrag van die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk sal wees tot die hoogste Skadeloosstellingsperk beskikbaar ingevolge enige een van die Omskrewe Gebeurtenisse wat skadeloosstelling vir die eis of reeks eise bied.**

**Waar meer as een Versekeringstydperk van hierdie Polis, na die hernuwing of vervanging daarvan, op 'n oorsaak of bron van toepassing kan wees, sal die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk word tot die maksimum Skadeloosstellingsperk vir enige sodanige Versekeringstydperk.**

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS

**Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir enige eis wat regstreeks of onregstreeks voortspruit uit, of waartoe bygedra word deur, die volgende:**

1. **enige Kubervoorval, Kubermisdaad, Kuberafpersing of Dataskending wat voor die Terugwerkende Datum wat in die bylae vermeld word, plaasgevind het;**
2. **enige Derdeparty-eis wat in Noord-Amerika ingestel is;**
3. **onklaarraking, onderbreking, agteruitgang of faling van Infrastruktuur van 'n Derde Party of Diensverskaffer wat nie onder die Versekerde se beheer is nie (met inbegrip van verskaffers van kommunikasie, Internetdiens, satelliet, kabel, elektrisiteit, gas, water, of ander nutsdiensverskaffers);**
4. **Terrorisme;**
5. **stakings, oproer of onluste;**
6. **oorlog, met inbegrip van enige staat van vyandige konflik (ongeag of dit verklaar is of nie) wat met wapengeweld en/of geweld gevoer word om 'n geskil tussen twee of meer state of nasies te besleg, met inbegrip van oorlogsdade soos invalle, opstand, rewolusie, militêre staatsgreep of kuberoorlog;**
7. **uitlating, verspreiding, sypeling, migrasie, vrylating of lekkasie van gevaarlike stowwe, smetstowwe of besoedelingstowwe;**
8. **inbeslagneming van, beslaglegging op, opeising of vernietiging van of skade aan die Versekerde se Rekenaarstelsel weens die optrede, vereiste of opdrag van enige regering, reguleerder, hof of ander liggaam wat binne sy wettige gesag optree;**

9. **gebruik van onwettige of ongelisensieerde Programmatuur;**

10. **‘n fout, defek of weglating in die ontwerp, plan of spesifikasie van die Versekerde se Rekenaarstelsels, wat veroorsaak dat hul nie vir hul doel geskik is nie;**

11. **die Versekerde se optrede wat kwaadwillig, oneerlik, opsetlik of roekeloos is;**

12. **verlies van of skade aan tasbare eiendom en enige verliese wat voortvloeiend van aard is, met inbegrip van verlies van gebruik van tasbare eiendom;**

13. **indien die betaling, versekering en/of verskaffing van enige voordeel aan die Versekerde tot gevolg sal hê dat die Maatskappy enige sanksie, verbod of beperking ingevolge die regulasies van die Verenigde Nasies of die handel- en ekonomiese sanksies, wette of regulasies van die Europese Unie, Federale Republiek van Duitsland, die Verenigde Koninkryk of die Verenigde State van Amerika oortree;**

14. **waar die Versekerde versuim het om redelike stappe te doen om met die Versekerde se Toesighoudende Owerheid saam te werk of om die oplegging te voorkom van ‘n bevel, opdrag of voorskrif deur enige Toesighoudende Owerheid, wat regstreeks of onregstreeks voortspruitend is uit ‘n Versekerde Gebeurtenis;**

15. **boetes, bestraffende skadevergoeding of strawwe van watter aard ook al** (hierdie Spesifieke Uitsluiting sal nie van toepassing wees nie op Omskrewe Gebeurtenis 1.2, maar slegs in die mate dat dekking spesifiek daarkragtens verskaf word);

16. **beleggings- of handelsverliese, insluitend sonder beperking enige onvermoë om sekuriteite te verkoop, oor te dra of andersins daarmee weg te doen;**

17. **beplande stilstaantyd, beplande onderbrekings of ledige tydperk van Rekenaarstelsels of dele van Rekenaarstelsels;**

18. **versuim deur die Versekerde of ‘n Diensverskaffer om ‘n verskuldigde betaling te doen of enige huurkontrak, kontrak, lisensie, of bestelling om goedere of dienste te verskaf, te hernu of te verleng;**

19. **liggaamlike besering, sielkundige besering (afgesien van angs), trauma, siekte of dood;**

20. **diefstal, skending of openbaarmaking van intellektuele eiendom soos patente, handelsmerke, kopieregte** (hierdie Spesifieke Uitsluiting sal nie van toepassing wees nie op Omskrewe Gebeurtenis 4.3 Media-aanspreeklikheid, maar slegs in die mate dat dekking spesifiek daarkragtens verskaf word);

21. **Derdeparty-eise wat ingestel word deur of namens: enige regsentiteit met effektiewe beheer oor die Versekerde; enige van die Versekerde se filiale; enige regsentiteit waaroor die Versekerde of die Versekerde se filiale effektiewe beheer het; enige persoon wat ‘n meerderheidsaandelebelang oor die Versekerde besit; enige regsentiteit waarin die Versekerde ‘n finansiële belang het, ongeag die bedrag; of enige vennootskap of gesamentlike onderneming waarin die Versekerde ‘n party is;**

22. **Dienste wat ‘n Diensverskaffer aan ‘n Derde Party uitgekontrakteer het;**

23. **enige nalatige of onopsetlike inligtingstegnologie-bedryfsfout deur ‘n Diensverskaffer of sy personeel;**

24. **kontraktuele aanspreeklikheid wat meer is as aanspreeklikheid wat andersins sou ontstaan in die afwesigheid van sodanige kontrak(te);**

25. **onakkurate, onvoldoende of onvolledige beskrywing van enige goedere of dienste of die prys daarvan;**

26. **ex gratia- of diskresionêre skikkings of welwillendheidsgebare vir Derde Partye, met inbegrip van**

afslag, dienskrediete, kortings, prysverlagings, koepons, pryse, toekennings of ander kontraktuele of nie-kontraktuele aansporings, promosies of oorredingsmiddels;

27. publisering op enige webwerf waar inhoud sonder registrasie gepubliseer kan word, of enige webwerf of inhoud wat nie regstreeks deur die Versekerde beheer word nie;

28. versuim om data van 'n webwerf of webblad te verwyder wat deur die Versekerde beheer word nadat 'n klagte of versoek van 'n Derde Party ontvang is;

29. a. enige Kubervoorval, Kubermisdaad, Kuberafpersing of Dataskending wat by versekeraars aangemeld is van enige ander polis wat aan 'n tydperk voor die Versekeringstydperk gekoppel is;

    b. enige Derdeparty-eise wat voor die Versekeringstydperk ingestel is, of

    c. enige Kubervoorval, Kubermisdaad, Kuberafpersing of Dataskending wat deur die Versekerde ontdek is of wat redelikerwys deur die Versekerde ontdek moes gewees het voor die Versekeringstydperk;

30. nalatige advies, ontwerp, spesifikasies, formule of ander skending van professionele diens;

31. Spelgeldeenhede, kriptogeldeenhede, beloningspunte en lugmyle;

32. verlies of diefstal van 'n Derde Party se geld of eiendom in die Versekerde se sorg, bewaring of beheer;

33. daardie gedeelte van enige verlies betaalbaar ingevolge Omskrewe Gebeurtenis 2 wat plaasvind gedurende die Wagtydperk.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

## 1. Afstanddoening

Die Versekerde mag nie enige wettige regte of belange in hierdie afdeling sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Maatskappy afstaan nie.

## 2. Eiserapportering

Algemene Voorwaarde 6.1.1 word gekanselleer en soos volg herbewoord:

Dit is 'n voorwaarde van hierdie afdeling dat die Versekerde skriftelik so gou as redelik moontlik en op hulle eie onkoste moet aanmeld:

2.1 enige werklike of vermeende Dataskending, Kubervoorval, Kuberafpersing, of Kubermisdaad wat aanleiding kan gee tot 'n eis ingevolge hierdie polis by die Voorvalreaksieverskaffer en die Maatskappy;

2.2 enige Derdeparty-eis of omstandigheid wat aanleiding kan gee tot 'n Derdeparty-eis by die Maatskappy.

## 3. Kansellasie

Indien 'n eis by die Maatskappy aangemeld is, sal geen pro rata terugbetaling van premie ingevolge hierdie afdeling terugbetaalbaar wees nie by kansellasie van hierdie polis of hierdie afdeling vir die tydperk vanaf die effektiewe datum van die kansellasie tot aan die einde van die versekeringstydperk.

## 4. Vertroulikheid

Die Versekerde mag nie die bestaan van hierdie polis openbaarmaak nie, behalwe aan senior bestuur of professionele adviseurs van die Versekerde of waar regtens verplig om dit te doen of vir tenderdoeleindes, tensy die Maatskappy vooraf skriftelik toestemming verleen het. **Die Maatskappy kan na eie goeddunke weier om 'n eis vir Kuberafpersing te betaal** of kan die dekking onmiddellik kanselleer vanaf die datum dat enige sodanige openbaarmaking gemaak word wat in stryd is met hierdie Spesifieke Voorwaarde.

## 5. Eerste bedrae betaalbaar

5.1 Indien die Maatskappy enige Derde Party direk skadeloos gestel het, moet die Versekerde die Maatskappy onmiddellik vergoed vir die bedrag van die toepaslike Eerste bedrag betaalbaar wat by sodanige skadeloosstelling ingesluit is; of

5.2 Indien die Maatskappy dit vereis, moet die Versekerde die Eerste bedrag betaalbaar direk aan die Derde Party betaal om aan enige skikking te voldoen;

5.3 Indien 'n enkele gebeurtenis (of gebeurtenisse wat voorspruit uit dieselfde oorspronklike oorsaak) daartoe lei dat 'n eis onder meer as een Omskrewe Gebeurtenis betaalbaar is, sal slegs een Eerste bedrag betaalbaar deur die Versekerde betaalbaar wees wat die hoogste van die onderskeie toepaslike Eerste bedrae betaalbaar sal wees soos aangedui in die bylae. Vir die doeleindes van die bepaling van die Eerste bedrag betaalbaar in terme van hierdie Spesifieke Voorwaarde, word die onversekerde bedrag ingevolge die Wagtydperk van Omskrewe Gebeurtenis 2 geag 'n Eerste bedrag betaalbaar te wees.

## 6. Algemene Uitsluitings 3 (Rekenaarverliese) en 6 (Kuberuitsluiting)

Bogenoemde Algemene Uitsluitings sal nie op hierdie afdeling van toepassing wees nie, **maar slegs in die mate dat dekking spesifiek verskaf word onder die Omskrewe Gebeurtenisse van hierdie afdeling en dit nie andersins uitgesluit word deur 'n Spesifieke uitsluiting van hierdie afdeling of op enige manier beperk word deur enige ander beperkende bepaling van hierdie afdeling nie.**

## 7. Eiseproses van Voorvaldiensverskaffer en dienste verskaf

7.1 Die Versekerde moet die gebeure of vermoedelike gebeure van 'n Omskrewe Gebeurtenis aan die Voorvaldiensverskaffer rapporteer soos vereis deur Spesifieke Voorwaarde 2.1;

7.2 Die Versekerde sal erkenning ontvang van die aangemelde voorval;

7.3 Die Versekerde sal ondersteuning en leiding ontvang gedurende die voorvalbestuursproses totdat die voorval afgehandel is;

7.4 Die voorvalbestuur- en koördineringsfunksie van die Voorvaldiensverskaffer sal vordering van alle kubersekuriteitsvoorvalle skep, dophou en monitor, insluitend kommunikasie tussen Openbare Betrekkinge en Regsorganisasies namens die Versekerde;

7.5 Voorvalreaksie op afstand en ter plaatse sal die Versekerde bystaan met tegniese voorvalreaksie-aktiwiteite (van die perseel of op die terrein) om die insident toepaslik te assesseer, reg te stel en te hanteer in oorleg met die Versekerde;

7.6 Die Voorvaldiensverskaffer se Digitale Forensiese en Voorvalreaksie (DFIR) Dienste maak gebruik van uitgebreide kennis en ervaring as 'n betroubare sekuriteitsadviseur in die streek om voorvalreaksie-aktiwiteite te dryf en te ondersteun tydens of na 'n kuberveiligheidsvoorval;

7.7 Die Versekerde sal toegang hê tot die 24x7x365 Blitslyn vir Kubernoodgevalle en algemene navrae

met betrekking tot hierdie afdeling.

## 8. Bekendmaking van inligting

Enige inligting verskaf deur die Versekerde of namens die Versekerde (deur middel van 'n aansoekvorm of andersins) sal die basis van hierdie afdeling se versekeringskontrak wees. Die Versekerde moet die Maaskappy so gou as wat dit redelikerwys doenbaar is, in kennis stel van enige wesenlike verandering in risiko waarvan die Versekerde bewus word of redelikerwys bewus behoort te wees, insluitend sonder beperking enige verkryging deur of van die Versekerde gedurende die polistydperk. **Die Maatskappy sal nie betaal vir enige Omskrewe Gebeurtenis wat voortspruit uit enige wesenlike verandering in risiko nie, tensy die Maatskappy vooraf skriftelik tot daardie wesenlike verandering in risiko ingestem het en voldoende bykomende premie ontvang het soos deur die Maatskappy bepaal.**

Die Maatskappy het aangetekende antwoorde wat verkry is op vrae oor die versekerde besigheid en sy prosesse en prosedures wat met hierdie afdeling se dekking verband hou. Dit word in hierdie afdeling se bylae weerspieël en die Versekerde word ingevolge die vereistes van hierdie Spesifieke Voorwaarde spesifiek vereis om die Maatskappy skriftelik in kennis te stel van enige veranderinge of onakkuraathede in die aangeduide inligting.

## 9. Ondersoek en oudit

Die Maatskappy of enige Deskundiges of verteenwoordigers van die Maatskappy kan die Versekerde (insluitend maar nie beperk nie, tot die Versekerde se perseel, rekords, Rekenaarstelsels of Rekenaarnetwerk) en/of sover moontlik, enige Diensverskaffer inspekteer en/of oudit, op enige redelike tyd en gedurende die versekeringstydperk en tot een jaar vanaf verstryking of kansellasie van hierdie polis of hierdie afdeling van die polis. Die Versekerde moet alle relevante besonderhede en inligting verskaf wat die Maatskappy mag benodig.

## 10. Versekerde se verpligtinge rakende die gebeure of vermoedelike gebeure van 'n Omskrewe Gebeurtenis

Bykomend tot enige vereistes gespesifiseer ingevolge Algemene Voorwaardes 6 en 7, is dit 'n opskortende voorwaarde van hierdie afdeling dat die Versekerde:

10.1 aan die Maatskappy bewyse van die voorval voorsien en 'n beskrywing van die moontlike gevolge van enige Omskrewe Gebeurtenis;

10.2 alle redelike en nodige maatreëls tref om die duur en impak van enige Omskrewe Gebeurtenis te verminder;

10.3 alles prakties doen en toestemming gee om dit te laat doen om die oorsaak en omvang van die Omskrewe Gebeurtenis te bepaal;

10.4 enige Hardeware, Programmatuur en Data bewaar en dit aan die Maatskappy of Voorvalreaksieverskaffer beskikbaar stel;

10.5 voldoen aan enige redelike aanbevelings wat die Maatskappy of die Voorvalreaksieverskaffer doen;

**10.6 nie (sonder die Maatskappy se skriftelike toestemming) aanspreeklikheid vir 'n Derdeparty-eis aanvaar, dit betaal, skik of benadeel nie;**

10.7 die Maatskappy moet help om ondersoek na die Derdeparty-eis in te stel, dit te verdedig en te skik, en hulp verleen aan enige prokureur of ander Deskundige wat deur die Maatskappy namens die Versekerde aangestel is om die Derdeparty-eis te verdedig;

10.8 op die Maatskappy se onkoste, saamwerk met en die Maatskappy bystaan wanneer dit vereis word, insluitend die verskaffing van inligting en die versekering van die samewerking en bywoning in die

hof van getuies in diens van die Versekerde;

10.9 op die Maatskappy se onkoste, enige wetlike regte afdwing wat die Versekerde of die Maatskappy mag hê teen enige Derde Party wat aanspreeklik kan wees teenoor die Versekerde vir ‘n Kubervoorval, insluitend die verskaffing van die Maatskappy se magtiging om hofverrigtinge in die Versekerde se naam teen ‘n Derde Party aanhangig te maak en om daardie verrigtinge te besleg;

10.10 op die Maatskappy se onkoste, enige dokumente uitvoer wat die Maatskappy benodig om die Maatskappy se regte kragtens hierdie polis te verseker.

## 11. Wette en jurisdiksie

Hierdie afdeling is onderworpe aan die wette van die Republiek van Suid-Afrika wie se howe jurisdiksie sal hê in enige dispuut tussen die Versekerde en die Maatskappy.

## 12. Wette of regulasies

Indien enige bepaling van hierdie afdeling in stryd is met die wette of regulasies van enige jurisdiksie waarin hierdie polis van toepassing is, moet hierdie afdeling deur die partye gewysig word om aan sodanige wette of regulasies te voldoen. Geen skadeloosstelling is betaalbaar waar sodanige skadeloosstelling onwettig is ingevolge sodanige wette of regulasies nie.

## 13. Werking van dekking

**Dekking ingevolge hierdie afdeling is onderhewig aan die volgende:**

**13.1 Nie-Derdeparty-eise: Die Omskrewe Gebeurtenis moes plaasgevind het binne die Gebiedsperke en moet eers deur die Versekerde ontdek word en aan die Voorvalreaksieverskaffer en die Maatskappy gerapporteer word gedurende die versekeringstydperk.**

**13.2 Derdeparty-eise: Die eis moet eers teen die Versekerde ingestel word binne die Gebiedsperke gedurende die versekeringstydperk en aan die Maatskappy gerapporteer word gedurende die versekeringstydperk.**

Enige omstandigheid waarvan die Versekerde bewus word en aan die Maatskappy rapporteer gedurende die versekeringstydperk wat ‘n Derdeparty-eis tot gevolg het, sal geag word gerapporteer te wees en die Derdeparty-eis ingestel wees gedurende die versekeringstydperk.

## 14. Ander Versekering

Algemene Voorwaarde 2 word gekanselleer en soos volg herbewoord: **Die Maatskappy sal geen eis betaal indien die Versekerde vir daardie eis deur ‘n ander versekeringspolis gedek is nie. Dit is ‘n verdere voorwaarde van hierdie afdeling dat die Versekerde nie enige Eerste bedrag betaalbaar of Wagtydperk van toepassing kragtens hierdie afdeling onder enige ander versekeringspolis mag verseker nie.**

## 15. Skeibaarheid

Enige onafdwingbare bepaling van hierdie afdeling sal nie ‘n uitwerking op enige ander bepaling hê nie en sal, indien uitvoerbaar, vervang word met ‘n afdwingbare bepaling met dieselfde of soortgelyke bedoeling as daardie onafdwingbare bepaling.

# 16. Wysigings

Behalwe soos uiteengesit in Algemene Voorwaarde 13, vereis wysigings aan hierdie afdeling die vooraf skriftelike ooreenkoms van die partye.

# 17. Verpligte risikobestuursdienste

Dit is ‘n opskortende voorwaarde van hierdie afdeling dat die Versekerde:

17.1 die Verpligte Risikobestuursdienste aktiveer waarna in die bylae verwys word binne 7 dae vanaf die aanvaarding van dekking onder hierdie afdeling en dit so geaktiveer bly vir die duur van die Versekeringstydperk;

17.2 alle stappe doen om te voldoen aan enige redelike aksieplanne om risiko te verminder of waarskuwings uitgereik deur die Verpligte Risikobestuursdienste. In die geval dat die Versekerde nie aan hierdie klousule 17.2 voldoen nie, sal die skadeloosstellingsperk verminder word tot 80% van die bedrag wat in die bylae gereflekteer word.